

**2 Julie**

**1 Konings 19:1-18 (19:9c, 13c)**

***Wat maak jy hier?***

Ons beleef almal tye van moedeloosheid en teleurstelling. Soms kyk ek terug op my werk as ampsdraer of ook in my beroep en wonder waar is die vrugte daarvan. Het ek werklik 'n bydrae gelewer? Dit was wat waarskynlik ook in die gemoed van Elia geleef het daar by Horeb, die berg van God, daar in die spelonk waar Moses lank gelede geskuil het. Maar: "Wat maak jy hier, Elia?"

Twee maal die vraag. Twee maal antwoord hy woordeliks dieselfde. Wat was die nut van al my werk en opoffering? Die kerk word uitgeroei, die altare is afgebreek en die profete doodgemaak. Ek het alleen oorgebly en hulle soek my ook. Moedeloosheid, teleurstelling, geen verwagting meer nie.

Maar die Here het 'n ander antwoord. Reeds veertig dae gelede toe hy onder die besembos gelê het en nou weer: Daar is nog 'n pad vorentoe; jy het nog werk om te doen. Gaan en gaan stel vir My mense aan, binnelands en buitelands.

Laat ons in ons moedeloosheid ook maar gaan skuil by die berg van die verbond. Maar gaan staan dan buite soos Abraham, soos Elia, ook buite jouself en jou eie probleme en sien die werk van God. Weet dat Hy in sy Raad nog altyd vir jou 'n roeping het. In die geloof bestaan daar nie 'n doodlooppad nie.

Sing: Psalm 84:6

Ds. P.J.W.S. van der Westhuizen (Windhoek)